

25 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:1-20
FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:14

Ware vrede!

Dit is Kersfees! Die mensdom is vandag skynbaar eufories gelukkig en leef in vrede – maar dit is skyn. Elkeen het verhaale om te vertel van geweld en onrus: mense wat leef agter slot en grendel; 'n klipharde besigheidswêreld; ja, pa's en ma's en kinders wat maar eerder 'n koue, veilige afstand van mekaar handhaaf. Die rede vir al die onrus in en tussen mense is die onrus tussen die mens en God. Ons het 'n kloof van onvrede tussen ons en die God van liefde gebring deur ons sonde.

Dié God van liefde is ook die Regter wat elke sonde regverdig straf. Wat 'n heerlike boodskap aan die veragte veldwagters! Juis hierdie mense, die verstotenes, hulle wat deur hul lewe soveel onvrede weens verwerping ervaar het, hulle mag hoor dat hulle nie bang hoef te wees nie, hulle hoor van 'n goeie tyding, groot blydschap en vrede! Hulle hoor die pryslied wat afsluit met die woorde (vs. 14), “vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!” In die onrus van die lewe sak 'n vrede neer, die onrus word stil, die koue verander in warmte, want die Kindjie is gebore. Die Verlosser het gekom. God het ons noodroep gehoor en Hy het geantwoord in Jesus Christus. Die Kindjie is die Verlosser wat die swaar las van ons sondes na die kruis gedra en so vir ons vrede bewerk het met God. In sy liefde oorbrug God Self die kloof deur Jesus Christus. Geen wonder dat die engelekoor dit uitjubel nie: “Eer aan God in die hoogste hemel ...” en die skaapwagters loof en prys God. En ek en jy? Breek uit in lof, want ook jy, geteister deur onvrede, ontvang deur die geloof in Christus vrede met God. Dit is inderdaad goeie nuus om eerstens in jou hart te bewaar, maar ook om te verkondig aan die wêreld vol onrus. Jesus Christus bring ware vrede. Hy is ons vrede!

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds Deon van der Walt (Worcester)